

Maandag, 13 Mei 2018

God se plan met Nineve

Lees: Jona 1:1-2; 3:1-4,10

Jona 1:1	Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom:
Jona 1:2	“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is.”
Jona 3:1	Die woord van die Here het 'n tweede keer tot Jona gekom:
Jona 3:2	“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee.”
Jona 3:3	Toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die Here hom beveel het. Nineve was 'n baie groot stad: 'n mens het drie dae gevat om dit deur te stap.
Jona 3:4	Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: “Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!”
Jona 3:10	Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

1. God stuur Jona na Nineve om die oordeelsdag aan te kondig: **“Nog net 40 dae en Nineve word verwoes”**. Die rede? Nineve is **sleg** (1:2). Hier soos in die res van die Bybel sien ons hoe sonde God in beweging bring. Dit ontsteek die vlam van toorn in God: Sonde sit die wiel van afrekening/oordeel en straf binne God in beweging. In Gen. 6:5-7 lees ons:

Gen 6:5	Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink,
Gen 6:6	was die Here bedroef daarvoor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.
Gen 6:7	Die Here het gesê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daarvoor dat Ek hulle gemaak het.”

Sonde **grief** en **bedroef** God. In Gen 6:7 maak God Sy voorneme bekend:

Gen 6:17	“Ek gaan 'n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe, te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Alles wat op die aarde is, sal omkom,
----------	--

Sonde was die rede waarom die Israëliete 40 jaar in die woestyn deurgebring het voordat hulle die beloofde land in besit kon neem. Sonde was die rede waarom die volk Israel vir 70 jaar in Ballingskap weggevoer is (2 Kon 17:11). Sonde is die rede waarom Jesus 'n kruisdood moes sterf. Sonde is die rede waarom daar soveel konflik, onreg pyn en lying in die wêreld oor al die eeue was en is. In Jona 4:11 lees ons dat die Nineviete **“nie weet wat reg en verkeerd is nie”**. Sonde kan net geken word as jy deur God se oë daarna kyk, want God is sonder sonde. Sonde verblind jou om die aakligheid daarvan raak te sien. En 'n mens sien baie makliker die sonde in ander raak as by jouself. Jesus verduidelik dit met die splinter/balk metafoor (Matt 7: 1-6). Ons lees van 'n sekere godsdienstige man wat op 'n

dag saam met 'n sondige man aanbid het. In sy eie oë was die godsdienstige man nie so sleg soos die ander man nie en hy dank God daarvoor wanneer hy bid: "O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Jesus se kommentaar op die man se selfverstaan is dat hy hoogmoedig is en dat sy saak met God nie in orde was nie (Luk 18: 9-14). Jesus het sonde blindheid onder godsdienstige mense deurlopend aangespreek. (vgl bv Matt 23-24). Wanneer Jesus Jerusalem op 'n donkievul binne ry en hy sien die stad voor Hom, huil Hy daarvoor (Luk 19: 41v). Aan die kruis, terwyl hulle Hom spottend uitlag en allerhande dinge toesnou, sê Jesus "Vader hulle weet nie wat hulle doen nie".

'n Mens kan nie goed in die donker sien nie. Vanweë die sonde sit ons in groot duisternis. Dit is eers wanneer die lig van God se Woord en die verliggende werk van die Heilige Gees ons geestesoë verlig dat ons ons sondigheid in al sy geskakeerdheid raaksien en besef. Wanneer ons deur God se oë na onself kyk, bely ons saam met Paulus: "Ek ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos (Rom 7:24), bid ek saam met die tollenaar "O God, wees my, sondaar genadig" (Luk 18:13) en bely ek saam met Dawid; ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het (Ps 51:7). Dan huil ek soos God, Jesus, en die Heilige Gees, oor my eie sondigheid. Dan eers besef ek hoe ver ek van die pad saam met God afgedwaal het.

Wanneer laas het jy na jouself deur God se oë gekyk en oor jouself voor God berouvol gehuil. Ek besef dat ons predikers en lidmate die tema van sonde eintlik vermy. Dit is verkeerd. Dié onderwerp mag nie vermy word nie. Wie nie 'n besef van sonde het nie, verstaan nie die grootheid van genade en goddelike liefde wat in en deur Jesus aan die kruis gedemonstreer is nie. Dan leef jy onder die illusie dat bekering nie as 'n deurlopende proses deel uitmaak van jou reis saam met God nie. Jy besef nie hoe jy die Heilige Gees bedroef en dat jy dieselfde risiko loop as ten minste vier van die sewe gemeentes waarvan ons in Openb 2 & 3 lees – die risiko van God se oordeel. Nineve is nie 'n stad daar ver van ons af nie. Nineve is daar ver en hier naby ons – in ons eie huise, gemeente en binne-in ons self. Dit is vanweë ons elkeen se sondigheid dat ons die vlam van God se toorn aan die brand steek. Soos droë hout vir die vuur bestem is, is sondaars vir die hel se vuur bestem.

2. God stuur Jonan na Nineve om hulle te **waarsku**. Twee keer lees ons die woorde "**spreek hom aan**". (1:2, 3:2). Hier vind ons hoe God in Sy genade die sondaar vooraf waarsku want Hy weet wat Sy oordeel inhou. En God het geen begeerte om Sy hartseer en gegriefdheid oor ons sonde te wreek nie. In Eseg 33:11 openbaar God Sy hart wanneer Hy sê:

Eseg 33:11 | "Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?"

In 2 Petr 3:9 beaam Petrus dit en wys Sy gehoor daarop dat God se genade juis die oordeelsdag op ys plaas (nie opstel nie). Daarom roep hy die mense op om hul saak met God in orde te kry, want die dag van afrekening kom onverwags.

II Petr 3:3 | Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot

II Petr 3:4	en sê: “En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af.”
II Petr 3:5	Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het.
II Petr 3:6	En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstrom is en vergaan het.
II Petr 3:7	Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdeel sal word.
II Petr 3:8	Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.
II Petr 3:9	Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.
II Petr 3:10	Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan.
II Petr 3:11	Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe.

Profete is God se boodskappers – draers van sagte (=goeie) en harde (waarskuwende) nuus. Die harde nuus is 'n moeilike opdrag en riskant, maar 'n profeet kan nie kies of hy daarvoor kans sien of nie. Eseg 33: 7-9 bevestig dit.

Eseg 33:7	“Mens, Ek het jou die wag vir Israel gemaak. Wanneer jy by My die opdrag ontvang, moet jy hulle namens My waarsku.
Eseg 33:8	Wanneer Ek van die goddelose sê dat hy sal sterwe, en jy praat nie en waarsku hom nie oor sy doen en late nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar Ek sal jou verantwoordelik hou vir sy dood.
Eseg 33:9	Wanneer jy die goddelose waarsku oor sy optrede om hom daarvan te laat afsien, en hy sien nie daarvan af nie, dan sterf hy deur sy sonde en het jy jou eie lewe behou.

Elkeen wat 'n navolger van Jesus Christus is, ontvang die opdrag om as profeet op te tree. Ouers is profete om hul kinders in die vrese van die Here groot te maak. Onderwysers is profete om leerders op die regte pad te lei. Werkgewers en werknemers is profete om in die werkplek op te staan vir die waarheid, reg en geregtigheid. Wie as profeet waarsku, stal iets van God se genade uit, want elke waarskuwing wil een of ander slegte gevolg voorkom. As elkeen wat waarsku dit tog maar met dieselfde sondaars – liefde as God doen en elkeen wat gewaarsku word dit as 'n liefdesgebaar en nie as veroordeling ontvang en aanvaar nie.

- Op die waarskuwing van Jona keer die hele stad, koning en onderdaan, met berou terug na God. Nineve is 'n uitstekende voorbeeld van hoe die drie groot B's, **BEROU**, **BELY**, **BEKEER** God se genadige en barmhartigheid in beweging bring. Wanneer God 'n gebroke hart sien, iemand wat soos Hy oor sonde huil, raak dit God se hart en Sy hand. Dan bring God die oordeelswiel tot stilstand en verander Hy ramp in fees. Berou, belyenis en bekering blus met ander woorde die vuur van God se toorn. Oordeelsvuur word vreugdesvure! Hier in Jona, soos elders in die Bybel, sien ons dat God se oordeelswaarskuwing nie in sement gegiet is nie. Wie oor God as onveranderlik dink maak 'n fout as jy dink dit is 'n statiese

karakertrek van God, Hy is dinamies in sy onveranderlikheid, Sy genade, barmhartigheid, liefde is onveranderlik maar Sy heilige geregtigheid en reg om te oordeel pas Hy aan in die lig van die respons van berou, belyenis en bekering. Wanneer Jesus op 'n dag voor Sy gehoor staan en besef dat hulle nie soos Nineve op Sy profetiese waarskuwings reageer nie sê Hy:

Luk 11:29	Toe die mense aanhou saamdrom, het Jesus hulle begin toespreek en gesê: "Die mense van hierdie tyd is 'n verdorwe geslag. Hulle vra 'n wonderteken, maar daar sal geen teken aan hulle gegee word nie behalwe die teken van Jona.
Luk 11:30	Net soos Jona vir die mense van Nineve 'n teken was, so sal die Seun van die mens 'n teken wees vir die mense van vandag.
Luk 11:31	Die koningin van die Suide sal op die oordeelsdag opstaan saam met die mense van vandag en teen hulle getuig. Sy het immers van die uithoeke van die aarde af gekom om na die wysheid van Salomo te luister. En hier staan Een wat groter is as Salomo!
Luk 11:32	Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag opstaan saam met die mense van vandag en teen hulle getuig. Die mense van Nineve het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!"
Luk 11:33	"'n Mens steek nie 'n lamp op en sit dit dan weg in 'n kelder of onder 'n emmer nie. Nee, jy sit dit op 'n staander, sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien.

Laat ons vannaand onself in die woorde van Dawid in Ps 51 voor God verootmoedig.

Ps 51:1	Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan
Ps 51:2	dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba.
Ps 51:3	Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid!
Ps 51:4	Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde!
Ps 51:5	Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus.
Ps 51:6	Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.
Ps 51:7	Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.
Ps 51:8	Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe.
Ps 51:9	Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees.
Ps 51:10	Laat my weer blydschap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel.
Ps 51:11	Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit!
Ps 51:12	Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.
Ps 51:13	Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!
Ps 51:14	Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.
Ps 51:15	Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer.
Ps 51:16	Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.
Ps 51:17	Here, gee my die woorde om u lof te verkondig.
Ps 51:18	'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie.
Ps 51:19	Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

Ps 51:20

Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem.

Ps 51:21

Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees: offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer.

AMEN